**6094**
**Paper 3**

**Skriftelike take oor literêre tekste**

Oor die algemeen was die meeste van die skryfstukke netjies versorg. Dit is baie belangrik dat die totale bepunting vir beide skryfstukke op die voorblad aangebring word vir administrasiedoeleindes. Die tien kandidate wat deel uitmaak van die streekproef se informasie moet in dieselfde volgorde op die “summary forms” verskyn as op die “excel sheets”. Dit is duidelik dat daar steeds sentrums is wat kandidate op die verkeerde vlak laat inskryf. Die feit dat ŉ betrokke kandidaat Afrikaans kan praat, beteken nie dat hy of sy voldoen aan die standaard wat die sillabus van ŉ Eerste Taal spreker verwag nie. Daar is wel sentrums waar die kandidate na die regte vlak geskuif het.

Skryfstukke wat neig om steeds inhoudelik te wees, bemoeilik die taak van die eksaminator wat dan sukkel om genoeg vrae bymekaar te kry. Literêre begrippe moet deel vorm van die bespreking en nie slegs in die inleiding genoem word nie. Kandidate moet ook die begrippe kan verduidelik. Dit help nie daar word na die “protagonis” verwys met geen verklaring nie. Daar is ŉ afdeling op die nasienskema waar **waardering vir literêre tegnieke** bepunt word. Kandidate kan nie hoë punte vir die betrokke afdeling kry as hulle slegs in die inleiding ŉ term gebruik nie. Die bespreking van Raka moet ook digterlike terme bevat en daar moet waardering gegee word vir die digter. Van die onderwerpe word steeds nie reg geformuleer nie. Dit moet nie ŉ vraag of ŉ opdrag wees nie, maar ŉ stelling. ŉ Onderwerp soos: “Bespreek die kontras tussen Raka en Koki”, is nie ‘n onderwerp nie. Dit moet lees: “Die kontras tussen Raka en Koki verteenwoordig beide se karakters.” Persoonlike respons beteken nie dat die kandidaat subjektief moet skryf nie. “Ek dink dat…” of “Ek het opgemerk dat…”, kan vervang word met: “Die leser…” Die kandidaat moet dus objektief skryf. Eksaminatore moet in ag neem dat kandidate wat kwalifiseer en aangaan om Afrikaans Eerste Taal op die AS-vlak te neem aan ŉ uitdagende sillabus blootgestel gaan word wat baie meer gaan verwag as die O-vlak. Onderrig moet dus dien as voorbereiding daarvoor sodat kandidate die nuwe sillabus met selfvertroue kan aanpak. Sommige skryfstukke skiet te kort ten opsigte van diepte en is bloot inhoudelik. Temas moet ontgin word en in diepte met die kandidate bepreek word voordat die skryfstukke aangepak word. Daar is wel sentrumes wat uitsonderlike werk doen wat opreg wardeer word. Eksaminatore moet ook die kandidate aanmoedig om hulle skryfstukke taalkundig te versorg. Die tik van die vraestelle moet ook sorgvuldig gedoen word. Dit is verkieslik dat “Times New Roman” as lettertipe gebruik word. ŉ Lettergrootte van 12 is aanvaarbaar. Aanhalings moet in vetdruk of skuisdruk getik word. Daar word aanbeveel dat sentrums vroegtydig begin met die afronding van die skryfstukke sodat daar genoeg tyd is om aandag daaraan te gee. Kandidate moet gewys word hoe om “ŉ” as letter reg te tik.

Dit is ook belangrik dat sentrums seker moet maak dat punte korrek oorgdera word. Sentrums wat klasgroepe deel moet asseblief standaardiseer. Indien nie, kan dit veroorsaak dat sentrums se punte afgemerk word waar een van die eksaminatore te hoë punte gegee het.